# Fantasie: ’n noodsaaklikheid of ’n euwel

Ons almal geniet dit as ons kinders lekker speel. Dit is lekker om te sien hoe hulle hul verbeel dat bv. die een slaapkamer Suid-Afrika is en die ander Australië. Hulle kuier oor en weer in die twee lande en vlieg met ’n duplo-blokkie soontoe. Of wanneer die kinders speel hulle is kaboutertjies en ’n goue koets toor waarmee hulle op reis gaan. Niemand sal daaraan dink om die speletjie te onderbreek nie. Ons geniet juis van hierdie fantasie.

Fantasie is so deel van ’n kind soos eet en drink. Veral die voorskoolse kind en die kleuter is geseën met fantasie, maar ook die laerskoolkind besit nog fantasie. Om te fantaseer, is nie net oulik vir die kind nie, maar dit help ook met die kind se ontwikkeling, bv. taal- en sosiale ontwikkeling. Wat is fantasie? Is fantasie altyd goed of kan dit ook verkeerd wees?

## Wat is fantasie?

Fantasie is skeppende verbeelding. Kinders gebruik dit as hulle speel, soos in verbeeldingspeletjies waar hulle iets moet uitdink wat nie bestaan nie of nie op die oomblik beskikbaar is nie. Dink aan “hospitaal-hospitaal” speel. Daar is ’n bed met ’n pop in, die kind is die dokter en het ’n wit jas aan. In die oë van die kind is dit werklik ’n hospitaal, die pop is regtig siek en word gesond gemaak. Fantasie kan ’n rol speel in stories, bv. diere wat kan praat, kaboutertjies wat toor, feetjies met hul towerstaffies en die immer gewilde tandemuis.

## Nut van fantasie

Fantasie help die kind om sy intellek te ontwikkel, want sy denke word gestimuleer. Terwyl die kind bv. “huis-huis” speel, praat hy met ander kinders. Hy moet goeie taalgebruik handhaaf, sodat die ander kinders hom kan verstaan. So ontwikkel sy taalvaardigheid.

Terwyl kinders in hulle fantasiespel met mekaar redeneer, begin hulle logies dink. Kinders wat saamspeel, pas nie altyd so geredelik aan by die maatjies se idees nie. Hulle moet dikwels aanpas met hulle idees om sodoende onmin te voorkom. Dit bevorder kreatiwiteit en kreatiewe denke, en behalwe dat kreatief wees lekker is, is dit ook belangrik by entrepreneurskap. Laasgenoemde is ’n belangrike eienskap vir Suid-Afrikaners om hulle brood te verdien.

Fantasie is ook ’n lekker hulpmiddel vir die juffrou om akademiese vaardighede aan te leer. Juffrou kan met ’n handpop baie begrippe by die kind tuisbring of met stories kan sy maaltafels verduidelik.

Verbeeldingspeletjies soos “huis-huis” en “skool-skool” is belangrik in die kleuterskool. Ook is dit oulik as daar ’n verbeeldingstuin is waarin die kinders die een dag polisie en skelms is, die volgende dag Indiane en weer ’n ander keer kaboutertjies. Hierdie verbeeldingspeletjies help die kinders om hulle eie omgewing te leer ervaar en ken. So begin hulle veilig voel; verhoudings: ouers-kind, juffrou-kind, kinders-kinders, verstaan. Hulle kan identifiseer met rolle van ander. Vandag is hulle ’n skooljuffrou, môre ’n huisvrou of ’n stout kind. Hulle leef hulle heeltemal in die persoon wat hulle speel. En ervaar ook “werklik” die lekker en minder lekker van die rol wat hulle vertolk. ’n Dogtertjie wat as kind nie met haar moeder kon identifiseer nie, sukkel om ’n goeie moeder te wees.

Terwyl kinders met fantasie besig is, is die kinders besig met norme wat in die gemeenskap geld. By “huis-huis” sal die “moeder” met die kind raas as sy omkrap of as sy oopmond eet. Die kinders kry ook geleentheid om hulle gevoelens uit te druk. Selfs die gewete word gevorm, want terwyl hulle speel, is daar goed wat mag of nie mag nie. ’n Kleuterjuffrou sal baie van die emosionele gesondheid van ’n kind sien wanneer die kind met sy verbeelding besig is. Die kind kan so leer om

met vreugde, verdriet of angs om te gaan. Gebeurtenisse wat in die kind se lewe afgespeel het, kan 'n "plekkie" in die kind se kop kry, omdat hy tydens die spel daarmee besig is. Met ander woorde, sosiale aanpassing word deur verbeeldingspeletjies gestimuleer. Die kind kry houvas op homself en sy omgewing.

## Verbeeldingsmaatjie

Kleuters het soms 'n verbeeldingsmaatjie. Dit is 'n maatjie wat net in sy verbeelding bestaan. Die maatjie moet ook kos kry, slaap of bad. Dit kan vir die kind 'n geneesmiddel teen eensaamheid wees. Maar daar is ook kinders wat baie maatjies het en ook 'n verbeeldingsmaatjie "aanhou". Dit is nie verkeerd nie. Die kind eksperimenteer so met sosiale gedrag en vriendskap. Dit gee houvas by angs en onsekerheid. (Dit is angs wat nie regtig nodig is nie, soos bv. bang vir 'n huisdier. By werklike angs moet hulp verkry word).

Bostaande geld veral vir kinders in stabiele situasies. Dit is wel so dat 'n kind wat in 'n onstabiele emosionele situasie is, deur verbeelding gehelp kan word. Dit kan deurmekaar emosies help opklaar, moontlike oplossings vir probleme kan opduik, probleme rakende aggressie en vrees kan te bowe gekom word.

## Hoe fantasie belemmer kan word

Fantasie kan op die volgende maniere belemmer word:

- 'n Kind wat teveel TV of DVD kyk, dink nie meer self stories uit nie. Hy maak nie self planne oor hoe die storie verloop nie. Teveel blootstelling aan advertensies is ook nie goed nie.
- Advertensie hou altyd die beste en ideale situasie voor. Dit kan die indruk skep dat almal perfek moet en kan wees.
- Daar is speelgoed wat fantasie belemmer. Die speelgoed is so perfek dat die kind nie meer kan fantaseer nie. Dit terwyl bv. met 'n karretjie op baie maniere gespeel kan word. Daarmee kan resies gejaag word, daar kan paaie gebou word waarop die karretjies ry, daar kan "vakansie-vakansie" mee gespeel word, ens. Goeie speelgoed hoef nie duur te wees nie; dit kan selfs ou goed wees, soos 'n leë bottel. Dit kan gebruik word om modder mee te maak, om 'n rivier te maak, om plantjies te besproei, dit kan versier word.
- Inkleurprente kan ook fantasie belemmer as die kind nooit kans kry om sy eie prente te teken nie. Hy moet ook self teken en sy verbeelding gebruik om bv. 'n kar te teken en te besef dat sy tekening nie perfek (soos inkleurprente) hoef te wees nie.

## Hoe fantasie bevorder kan word

Ouers moet nie aanhoudend inmeng terwyl kinders speel nie. Selfs al speel hulle dalk iets wat in werklikheid onmoontlik is, soos ape vang. Heg baie waarde aan fantasiespeletjies. Speel so nou en dan saam, kruip oor die grond om met 'n karretjie 'n pad te maak. Speel saam in die sandput.

## Stimuleer fantasiespeletjies

As jou kind sukkel om te speel, gee hom idees. Koop speelgoed waarmee fantasie gestimuleer kan word. Lego is ideaal om kinders aan te moedig om hul verbeelding tot uiting te bring in allerlei fantasiebouwerke, karretjies, ens.

## Gevare van fantasie

Op die ouderdom van ongeveer 7 jaar begin 'n kind meer realisties dink. Hulle sal nie meer maklik 'n blou boom teken nie. Hulle besef nou ook dat die tandmuis en kabouters nie bestaan nie. Wanneer daar in die verlede verkeerd met fantasie omgegaan is, kan daar nou probleme ontstaan. Dit kan bv. gebeur dat 'n kind dink dat as die tandmuis nie bestaan nie, die Here Jesus seker ook nie bestaan nie. In die kleuterjare moet ouers en ander opvoeders die Bybel op 'n ander manier en

in ’n ander atmosfeer hanteer as fantasie. Die Bybel en Bybelverhale moet eerbiedig en met erns hanteer word. Dan sal selfs die kleuter kan aanvoel dat kabouters iets is wat die lewe oulik maak. Maar dat die Bybelverhale regtig is en dat toor, wat in die Bybel verbied is, iets heeltemal anders is as die verbeelding van kabouters en tandemuise. Dat God werklikheid is sonder Wie se sorg ons nie kan bestaan nie.

’n Ander gevaar is dat die kind fantasie kan gebruik om voor te doen wat hy nie werklik is nie. Hy kan allerlei pragtige verhale oor homself vertel, wat glad nie op die werklikheid gebaseer is nie. As jy dit agterkom, moet jy met jou kind daaroor praat. Wys hom op sy foute en stry saam met die kind daarteen.

Die kind kan ook met fantasie die werklikheid ontvlug. Dit kan wees omdat sy lewensomgewing so swaar is vir hom dat hy net in ’n gefantaseerde denkwêreld kan standhou. Dan moet die kind gehelp word om ’n beter lewensomgewing te verkry of om die moeilike dinge in sy wêreld te verwerk.

Die kind kan ook die werklikheid wil ontvlug om aan sy verantwoordelikhede te ontkom. Dit is verkeerd en die kind moet gehelp word om verantwoordelikheid te aanvaar.

Oor die algemeen is fantasie, hoewel daar gevare is, baie belangrik vir die ontwikkeling van die gebalanseerde kind. Laat ons almal sorg dat ons kinders en veral kleuters kans kry om met fantasie besig te wees. Geniet die fantasie saam met jou kind.

Heleen Snijder

© 2014
www.christelikebiblioteek.co.za